Klaagliedere 5

א Alef (silent)	A	Ag, slaan tog ag, kyk hoe laag moes ons daal:
ב Bet (B/V)	B	Besittings is gevat en aan vreemdes gegee.
ג Gimel (G)	G	Geen vaders, ons is weeskinders en weduwee.
ד Dalet (D)	D	Drinkwater en eie hout moet ons voor betaal.
ה He (H)	H	Heersers dryf ons, ons is uitgeput en kla.
ו Vav (V)	Wau W	Water en kos by Egipte en Assirië gevra…
ז Zayin (Z)	Z [U]	U straf vir voorvaders se sonde, hulle nie daar.
ח Chet (Ch)	Get [E]	Eers ondergeskik, nou as heersers oor ons verklaar.
ט Tet (T)	T	Ten spyte van lewensgevaar moet ons kos bly soek.
י Yod (Y)	Jod [J]	Jong velle verskrompel soos in ‘n oond se hoek.
כ Kaf (K/Kh)	K	Kyk, vrouens en jong meisies in Juda verkrag.

Lamed (L)	L	Leiers is gevat en opgehang, oumense nie geag.
Mem (M)	M	Maalwerk en swaar vragte het jong seuns na onder gedring.
Nun (N)	N	Nou is daar nie meer ou manne in die poorte of jonges wat sing.
Samech (S)	S	Sangers het verdwyn, koordansers rou.
Ayin (silent)	[O]	Ons het aansien verloor, o die berou!
Peh (P/F)	P	Pers en swart kringe om ons oë deur droefheid gelaat.
Tsadeh (Ts)	Sade [Y]	Yl en verlate loop jakkalse deur Sion se straat.
Qof (Q)	Kof K	Kyk, Ú, Here, U heers vir altyd, u troon staan vas!
Resh (R)	R	Roep ons verniet, sal U ons vir altyd belas?
Shin (Sh/S)	S	Sal U weer die ou betsaan gee, ja, U ons tot U bekeer?
Tav (T)	T	Toorn só groot dat U ons heeltemal verwerp, o Heer?